Barmhartigheid

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B306b Eng/Afr.

Skriflesing uit Matt.18: 21-35

Kernvers: 33 –‘moes jy nie jou medediensknegook barmhartig wees soos ek jou ook barmhartig gewees het nie?’

Ek sidder om te dink as Jesus vanaand moes kom, hoeveel van ons sou gereed gewees het, sonder ‘n wrok teen een of ander iemand?

Ons het so gewoond geraak aan die Bybel dat dit amper nie meer ‘n aanslag maak op ons harte nie…. Maar God bedoel presies wat Hy sê in Sy Woord. As dit nie so was nie sou u en ek geen maatstaf hê waarvolgens ons moet lewe nie.

Daarom het die Here Jesus hierdie gelykenis vertel om by ons ‘n baie belangrike gesindheid en ‘n beginsel in die hart van God te bring en dit is: u en ek is in so ‘n groot skuld by God dat nie een van ons dit ooit sal kan betaal nie. Daarom het die Vader vir Jesus gestuur om dit alles vir ons te kom betaal, en ons waarlik vry te stel sodat ons die ewigheid kan ingaan.

Nou verwag God egter dat ons ook ons medemens sal vergewe. So nie, trek God Sy aanbod terug en dan sal ek moet betaal tot in ewigheid - dit is die wet van vergifnis.

Sit u vanaand met ‘n wrok in u hart? Is daar iemand wat u nie kan vergewe nie? Ek wil by u pleit vanaand: maak u vrede met daardie persoon en as u nie kan nie, vra dan iemand om saam met u te bid.

Geliefdes, ons lewe aan die einde van die tyd en Paulus beskryf dit vir ons in 2 Tim. 3:1-9. Mense is aan die veg en baklei omdat hulle onveilig voel – hulle is liefhebbers van hulself, geldgierig ens. Hulle is onversoenlik en so gaan die lys aan…. v5 sê: mense met ‘n gedaante van godsaligheid, maar wat die krag daarvan verloor het.

Wou iemand dalk al met ú vrede maak en u wou nie? As u vergifnis by die Here wil hê sal u daardie saak moet regmaak. Die evangelie is ‘n evangelie van waarheid! Dank die Here daarvoor, anders sou ek onder ‘n waan verkeer en dink ek is reg met God, maar dan aan die einde sal Hy dalk vir my sê: ‘Ek ken jou nie!!’